**Donderdag 31 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19-22**

## Kom nader aan God sonder om skuldig te voel

Toe Adam en Eva in sonde geval het, is hulle volmaakte verhouding met God versteur. Hulle kon van toe af nie meer vrymoedig voor Hom verskyn nie. Hulle het straf verwag, daarom kruip hulle weg.

So gaan dit ook met ons wanneer ons iets verkeerds gedink, begeer, gesê of gedoen het. Jou skuldige gewete kla jou aan. Jy voel skaam. Jy het nie vrymoedigheid om naby God te kom nie.

Die genade is dat Hy ons nie in ons sonde en ellende laat lê nie. Toe Christus aan die kruis gesterf het, het die voorhangsel in twee geskeur. Die voorhangsel is ’n beeld van die sonde wat ons van God geskei het. Christus het dit wat ons gekeer het, weggevat (10:20).

Met sy bloed het Hy Homself een maal as offer vir al ons sondes gegee (9:11-14). Hy laat ons vrymoedig, sonder om langer skuldig te voel, nader aan God kom.

Deur sy bloed het ons vrye toegang tot God. In ’n intieme, persoonlike en opregte verbintenis ervaar ons sy nabyheid. Met volle geloofsekerheid kan ons nader aan God kom. Hierdie sekerheid, deur die Heilige Gees gewerk, gee vrymoedigheid.

Ons is nooit alleen nie. Christus doen vir ons voorbidding. Hy bid dat ons geloof sal hou.

Wees eerlik en opreg. Bely jou sonde. Voel en ervaar die troos hoe jou hart skoongewas is en jou gewete voor God stilgemaak is. Dank Hom vir sy genade.

*Sing: Psalm 103:1, 2 (1936)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*